Nuusbrief 8
23 Mei 2025

HOËRSKOOL HENNENMAN

# NUUSBRIEF

## Uit die Skoolhoof se pen...

PER LABOREM AD FINEM

**Liewe Ouers**

In 'n baie besige kwartaal pyl die eksamen op ons leerders af! Die seniors begin reeds Maandag, 2 Junie met eksamen en die juniors op 9 Junie. Die matrikulante skryf by die koshuis en die res van ons leerders by die skool.

'n Groot bekommernis is egter die hoeveelheid leerders wat daagliks afwesig is. Gedurende die afgelope week was daar gemiddeld 20 tot 25 leerders per dag afwesig, met meer as die helfte sonder enige verskoning. Die afwesigheidsbeleid sê duidelik dat die skool teen 08:00 in kennis gestel moet word van die rede vir u kind se afwesigheid. Ons doen 'n DRINGENDE beroep op u om ons hande te vat en ons in hierdie verband te ondersteun. Dit is 'n onmoontlike taak om ons leerders vir 'n komende eksamen voor te berei indien hulle nie by die skool is nie.

Ons wil ook 'n beroep op u doen om nie u kind tydens die skooldag uit te teken nie. Dit is baie ontwrigtend vir die personeel, asook u kind.

Ons speel Saterdag, 24 Mei hokkie-, netbal- en rugbywedstryde TUIS teen Salomon Senekal van Viljoenskroon. (Sien program aan die einde van die nuusbrief.) Dit is die laaste keer hierdie jaar wat al ons sportspanne op ons eie velde sal meeding. ALLE leerders is verplig om Saterdag by te woon. Hulle ontvang 'n punt wat deel van hulle LO-punt vir die kwartaal uitmaak. Leerders ondersteun in volledige skooldrag indien hulle nie in 'n sportspan speel nie.

Kom geniet 'n HOK-boereworsrol of -sosatie en ondersteun asseblief al ons spanne. Die eerste wedstryd begin reeds 07:30.

Ons hoop om u almal daar te sien!
Geniet die naweek!

**Vriendelike groete**

**PROVINSIALE- EN STREEKSPANNE**

Baie geluk aan die volgende leerders wat in provinsiale- of streekspanne ingesluit is.

**GRIFFONS PLATTELAND**



o.19
Brandon Baker



o.19
Siya Khaba

**SANDVELD**



o.16
Janco Steenkamp

**HOKKIE: RHINO WEEK**



Ethan Compton



Jano Ross



Cheslin Rode

**LEJWELEPUTSWA NETBAL**



o.15
Mieke Greyling



o.19
Jana Ross

Jana Ross is ook ingesluit in die Travel & Sport uitnodigingspan wat einde November aan die Dubai sewestoernooi in Dubai gaan deelneem.

**BAIE GELUK! ONS IS BAIE TROTS OP JULLE!**

| BYLAAG A – UITSLAE VAN LIGAWEDSTRYDE | |
|---|---|
| Hokkie vs. Goudveld | 1stes wen 1 – 0 teen hulle tweede span.<br><br>Seuns speel gelykop teen hulle o.14-span 1 - 1 |
| Netbal vs. Nanabolela | 1stes wen 44 - 11<br>o.15 verloor 5 - 16<br>o.14 wen 12 – 10 |
| Hokkie vs. Gimnasium | Seuns verloor 0 – 6<br><br>2des wen 2 – 0 teen hulle derde span. |
| Netbal vs. Sandveld | 1stes verloor 24 – 48<br>2des verloor 12 – 17<br>o.15 wen 29 – 20<br>o.14 wen 26 - 23 |
| Rugby vs. St. Anne's | 1stes verloor 3 – 49<br>o.16 verloor 0 – 50<br>o.15 verloor 0 - 54 |
| Rugby vs. Sandveld | o.15 verloor 5 – 24<br>o.16 verloor 14 - 17 |

## LANDLOOP

Ons landloopatlete neem vanmiddag aan hulle derde ligawedloop deel. Ons atlete se tye verbeter met elke liga en op hierdie stadium is daar reeds vier atlete wat moontlik vir die Lejweleputswaspan kan kwalifiseer.

Baie sterkte aan elke landloop atleet!
Baie dankie aan Neels en Beth Pretorius vir al hulle moeite met die landloop. Baie dankie ook aan elke ouer wat hulle ondersteun.

Ons waardeer dit!

## JUDO

Baie sterkte aan Ruan Heins wat op Saterdag, 24 Mei aan die Judo Suid-Afrikaanse kampioenskappe gaan deelneem!

Die kampioenskappe vind by die Universiteit van Pretoria plaas.

